Nuusbrief / Newsletter **AUGUST 2016**

www.pmfsa.co.za

This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.
However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.

Moontlike rede vir brandsiek jakkalse

Dr. Roy Bengis, 'n afgetrede veearts wat veral bekend is vir sy werk in die Nasionale Krugerwildtuin, het dr. Gerhard Verdoorn se standpunt ondersteun dat die huidige bevolking rooijakkalse in so 'n mate toegeneem het dat die bevolking onder stres verkeer, en dat dit die rede is dat sarkoptiese myte op jakkalse uitslaan. Die Breslau-reservaat by Pont Drift op die oewer van die Limpopo-rivier (nie ver van Mapungubwe af nie) het waargeneem dat 'n koedoekoei en twee rooibokooie effense brandsiekte onder lede blyk te hê. Volgens dr. Verdoorn is jakkalse met brandsiekte ook daar waargeneem. Daar is geen verdere berigte van brandsiekte elders nie (Julie 2016).

Nuttige handleiding oor predasiebestuur

Die Predasiebestuursforum (PMF) het onlangs 'n omvattende handleiding oor geïntegreerde predasiebestuur bekend gestel. Hierdie handleiding is 'n eenstopgids om produsente te help om die roofdierprobleem op hul plase, asook die beste metode om dit te bestuur, binne die raamwerk van provinsiale en nasionale wetgewing te identifiseer.

Guillau du Toit, voorsitter van die PMF, sê hierdie handleiding is die kulminasie van werk gedoen deur die PMF, die kenner-adviseurs dr. Gerhard Verdoorn en Niel Viljoen, en die PMF-sekretariaat.

"Die PMF is daarop gemik om produsente by te staan met ekologies versoenbare predasiebestuur. Dit is waarom die PMF, sedert sy ontstaan, die beginsel van geïntegreerde predasiebestuur verkondig waarin alle aspekte van ekologiese bestuur, kuddebestuur, voorkoming en remediërende aksies inmekaargeweef word ten einde roofdierskade op 'n aanvaarbare vlak te bring."

Du Toit sê om enigsins te kan slaag in die stryd teen roofdiere is dit noodsaaklik dat boere, plaasbestuurders, plaaswerkers en bure gesamentlik poog om die natuur se prosesse te verstaan en om op hoogte te wees van roofdierbewegings op die plaas.

"Geïntegreerde predasiebestuur, wat 'n omvattende gereedskapskis insluit bestaande uit voorkomende en remediërende beheermaatreëls, is belangrik, en daar moet kennis geneem word van alle wettige metodes om sukses te behaal.

"Ek vertrou dat hierdie handleiding elke lewendehawe-eienaar sal bemagtig met die nodige kennis om verantwoordelik op te tree deur die beste beskikbare praktyke toe te pas ten einde verliese te bekamp en winsgewendheid te verhoog."

Die elektroniese formaat van die handleiding is op die NWKV-webtuiste beskikbaar. Vir meer inligting oor die handleiding skakel Bonita Francis by die NWKV Hoofkantoor in Port Elizabeth.

Op soek na Karooboere wat kan help met predasienavorsing

Boere van Merweville, Prins Albert, Leeu-Gamka, Murraysburg, Sutherland, Fraserburg, Beaufort-Wes, Loxton en Victoria-Wes word versoek om asseblief die PhD-student, Marine Drouilly, by te staan met die inwin van noodsaaklike inligting om die gedrag van jakkalse, rooikatte en bobbejane te bepaal. Die kort vraelys wat deur boere ingevul moet word, maak deel uit van die Karoo Predasieprojek wat in samewerking met die Universiteit van Kaapstad uitgevoer word. Hoe groter die databasis van die studie, hoe beter die gevolgtrekkings. Dit verbeter verder die kanse op volhoubare oplossings en befondsing om dié belangrike probleem in die gebied die hoof te bied.

Die Predasiebestuursforum ondersteun die navorsing oor volhoubare ekstensiewe veeboerdery en rig 'n pleidooi aan boere om aan die inisiatief deel te neem. Deelnemende boere word versoek om vir Marine Drouilly te skakel by 072 855 2758 of 'n e-pos aan haar te stuur by **marinedrouilly@gmail.com.**

Shepherding back our biodiversity project

A representative of the PMF has been invited to attend a stakeholder meeting on 18 August 2016 aimed at initiating the "Shepherding Back our Biodiversity" project in Beaufort West. The project is co-financed extensively, and the Global Environmental Facility (GEF) and the Green Fund are some of the significant supporters of the project. The project is supported through the GEF6 Operational Focal Point of the Department of Environmental Affairs (DEA), under whose jurisdiction and direction the meeting will be held. The Landmark Foundation will implement the project and act as the secretariat of the stakeholders' meetings through a contract with the United Nations Environmental Programme (UNEP).

The objective of the project is to foster biodiversity conservation on livestock farms by returning to human shepherding and the development of a wildlife-friendly produce-branding scheme, leading to Payment for Ecosystem Services (PES) as a tool in conservation and local economic development. The project will have a main learning site in Nelspoort in the Beaufort West district.

Stuur inligting

U word vriendelik versoek om gereeld enige inligting rakende predasie, wenke oor bekamping/voorkoming, insiggewende nuus, aktiwiteite wat in bedrywe aangaan, datums, suksesverhale rakende sekere beheermetodes en interessante navorsing en foto's aan Bonita by **nwga@nwga.co.za** te stuur.